Western Cape Special March/April 1994

# Congress Militant

Price 50c
[Solidarity price R1.00]

Paper of the Marxist Workers' Tendency of the ANC



ALLAN BOESAK

ANC kandidaat vir eerste minister van die Wes-Kaap

# Weg met die NP!

# Stem ANC!

## NELSON MANDELA sê aan Wes-Kaapse mense:



"Ons ken die pyn, leiding gramskap wat die kleurling gemeenskap gely het toe hulle verwyder is van Distrik Ses, Nuwe-land, ens... Jul huise is oorgeneem deur die NP regering en ons sê aan julle: Dit sal nooit weer gebeur nie."

**Op Sondag, Februarie 13, het Nelson Mandela aan 'n vergadering in Retreat gepraat. Hy het gesê:**

"Binne 72 dae, op 27 April, sal alle Suid-Afrikaners die kans kry om die regering van hulle keuse te verkies.

"Vir die eerste keer sal ons almal hoog en trots staan as gelyke burgers in ons land.

"Hierdie verkiesings betref ons gemeenskaplike verlange vir vryheid, vir vrede, en vir 'n beter lewe vir alle Suid-Afrikaners. Op daardie dag sal ons 'n keuse maak.

"Dit sal 'n keuse wees tussen vyf meer jare van wanhoop en geen geleenthede of'n ANC regering met 'n plan om ons lande te laat groei met werks en ander geleenthede.

"Op 27 April kan die Wes-Kaap 'n verskil maak. Ons kan aan die res van die land insluit, en verseker dat ons verandering inlui...of nie.

"Daar is partye wat glo dat hulle vertrou kan word as hulle hul vlag en hul kleure verander. Hulle moet weet ons word nie gekul.

"Die Wes-Kaap het 'n trotse tradisie van stryd en weerstand en veg vir die regte van die mense. Oor die jare het die kleurling gemeenskap gestaan vir geregtigheid, vrede en gelykheid.

"Julle was daar toe die 'Freedom Charter' in 1955 aangeneem was. Die UDF was hier in die Wes-Kaap gelanseerd. Julle was deel van die geboorte van die vakbondsbeweging in die land en die vorming van Cosatu.

"Ondanks al die moeilikhede, het julle deurgekom. Hulle het nie julle moed gebreek nie en hulle het nie geslaag om ons te verdeel nie.

"Dit is die tyd vir hierdie land om iets te doen vir die mense van die Wes-Kaap.

"Toe ek deur die gebied gery het, kon ek die merke van 48 jare van NP regering sien. Maar ek het ook die skrif aan die mure van baie huise gesien...'NOU IS DIE TYD!'

"Die ANC is toegewy aan ontwikkeling in die Wes-Kaap en as ons praat van 'n beter lewe vir almal, praat ons van 'n beter lewe vir kleurlinge, Indiërs, swart en witmense. Ons bedoel alle Suid Afrikaners.

"Die ANC wil alle Suid-Afrikaners die geleentheid gee om in die rykdom van die land te deel en hul lewenswyses te verbeter.

"Ek weet dat baie van ons kinders hier in Retreat en elders hul toevlug geneem het na dwelms, lede geword het van bendes en betrokke geword het by kriminele dade. Dit is as gevolg van werkloosheid, min geleenthede en toenemende armoede. Die kleurling gemeenskap, tesame met die onderdruktes in hierdie land verdien 'n beter lewe. Julle het hierdie pragtige stad gebou, maar tog het julle nooit in sy rykdom gedeel nie.

"Somtyds is die indruk geskep dat regstellende aksies net vir swartmense is. Dit is onwaar. Ek wil julle die versekering gee dat regstellende aksies deur die ANC daarop gemik is om geleenthede te gun aan almal teen wie daar gediskrimineer is as kleurling, African en Indiërs, asook vroue en die ongeskiktes.

"In die Wes-Kaap het ons eenheid nodig om die gehate geskiedenis van die verlede te oorkom.

"Die behuisings tekort in die kleurling gemeenskap is net so kronies as in enige ander swart gemeenskap. Die ANC wil hierdie situasie verander.

"Is dit nie malligheid dat onderwysers afgedank word terwyl ons kinders meer en beter opvoeding nodig het nie? Is dit nie malligheid dat, wanneer standaarde moet verbeter, ons uitslae nie is wat dit moet wees? Is dit nie malligheid dat ons matrikulante nie werk kan vind terwyl vaardighede broodnodig is in die land. Dit is nie ons studente wat misluk nie. Dit is die mislukking van die NP regering. Opvoeding is 'n prioriteit vir die ANC.

"Ons kinders en kleinkinders sou nooit die geweld en die lyding, die skaam en die pyn ken wat baie van ons verduur het. Hulle sou hulle kinderjare veilig in die familie geniet, en groot word met gelyke geleenthede om die lewe ten volle te lewe."

## Wat die Rekonstruksie en Development Programme bied

* Een miljoen huise binne 5 jaar. Omtrent 200 000 nuwe huise moet per jaar gebou word.

* Teen die jaar 2000 moet 72% van die bevolking met elektrisiteit voorsien wees. Alle skole en klinieke moet so gou as moontlik geelektrifikeer word.

* Skole en klinieke moet binne twee jaar van telefone voorsien word.

* Verbeterde nageboorte versorging en geboortes onder toesig vir alle vroue teen 1999. Al hierdie fasiliteite gratis binne drie jaar.

* Elke vrou sal die reg hê om te kies of sy 'n aborsie wil hê.

* 'n Inentingsprogramme wat 90% van die populasie dek binne 3 jaar.

* 'n Reuklose toilet stelsel, gepaste sanitasie op die perseel en gemeenskaplike vuileverwydering vir almal binne twee jaar.

* 'n Nasionale publieke werksprogram om paale, skole, klinieke en ander basiese infrastrukture te bou. Die doel van hierdie program is om 2, 5 miljoen werksgeleenthede binne 10 jaar te skep.

* Herverdeling van 30% van die landbougrond binne 5 jaar. 'n Watervoorsieningsprogramme sal voorsien word in die eerste jaar van die RDP om te verseker dat land effectiek gebruik word.

* Rooilint (die weiering van lenings aan die arm gebiede) en ander vorme van diskriminasie by banke teen die armes sal verbied word deur die wet.

* Die instelling van 'n veilige, gemaklike en bekostigbare publieke vervoerstelsel.

* Geen betaling van B.T.W. op basiese noodsaaklikhede.

# Stem ANC vir behui

**Karel Swartz, 'n senior shop steward van SACTWU, verduidelik waarom hy vir die ANC gaan stem op 27 April:**

"Ek sal nooit vir die Nasionale Party stem nie. Ek sal vir die ANC stem, want 'n stem vir die NP is 'n stem vir Hernus Kriel. 'n Man wie se polisiemag ons skoolkinders in 1984 vermink en vermoor het. Sy polisiemag terroriseer ons nog steeds wanneer ons veg vir beter lone.

"Baie kleurlinge sê 'n stem vir die ANC is 'n stem vir swart oorheersing. Ek stem glad nie hiermee nie. In die fabrieke veg ons saam met die swartmense. Sedert die 1970 het ons saam geveg en belangrike gevegte gewen. Ons het 'n sterk wapen, Cosatu, gebou om onsself te beskerm teen aanvalle van die base.

"In 1989 wou die base ons eenheid vernietig. Hulle het die NP gekry om 'n nuwe wet te maak naamlik die LRA. Hierdie parlementere wet was om alles waarvoor ons vir die afgelope 20 jaar geveg het van ons weg te neem. Ons moet saamstaan met die swartmense in die Weskaap asook landwyd. Ons was baie sterk en het die base en hul NP regering verslaan. Dit is waarom Cosatu aan die kleurlingmense sê om nie daardie eenheid te verbreek deur vir die NP te stem nie.

### NP het geen plan

"Die NP het geen plan vir die kleurling werkers. Hulle sê nie hoe hulle huise aan almal sal gee nie. Hoe hulle gesondheidsdienste binne bereik van almal sal bring nie. Hoe hulle werk en sekuriteit aan almal sal gee nie.

"Die ANC het 'n herstrukturerings en ontwikkelingsprogram. In hierdie dokument sit hulle uiteen hoe hulle ons lewens wil verbeter. Sommige kleurlinge sê die RDP is net vir swart mense. Dit is verkeerd. Ek sal vir die ANC stem want die RDP is vir almal van ons.

"Die ANC sê dat hulle vrye en verpligte onderwys 'n wet sal maak. Hoe kan dit slegs vir swartmense wees? Alle kinders, swart en bruin, wat tans deur die strate dwaal as gevolg van die onderwysbeleid van die NP sal deur die ANC genoodsaak wees om 'n beter opvoeding te hê tot by stan-



*Coloured shack-dweller in Kuils River*

# Van die verkiesingsfront

Peter, 'n ZCC lid wat in Hanover Park woon, het na Nyanga gekom om Nelson Mandela te begroet. Hy sê:

"Kleurlinge is outyds. Hoe kan hulle selfs nie daaraan dink om vir die NP te stem? Wat het die NP vir hulle gedoen? Hulle het hul verwyder uit Seepunt. Hulle woon nou in Manneburg en Bonteheuwel. Selfs terwyl hulle in die parlement was het hulle niks gekry nie. Hoe kan hulle nou NP stem?

"Ons is besig om kleurling stemme to verloor aan die NP. Ons moet daardie gat toemaak. Ons het 'n ANC regering nodig in die Wes-Kaap sowel as in Pretoria. Daarom moet kleurlinge hul prioriteite regkry, nie so onnosel weet nie en vir die ANC stem."

---

Gerry, 'n bootingenieur wat die byeenkoms vir Nelson Mandela in Retreat bygewoon het, het geen twyfel dat die NP uit Mosselbaai, Knysna, George en die plekke doen rondom gejaag sal word nie.

"By Mossgas alleen sal die NP stemme verloor. Die huise in Delft verkrummel as gevolg van swak materiaal, laat staan nog hul belaglike grootte.

"Mugabe is nog sterk. Daar is huise gebou in Zimbabwe, die witman kan net nie gelukkig wees wanneer swartes suksesvol is nie.

"Mandela maak groot beloftes. As hy nie daarby hou nie sal mense hom stenig. Maar vir ons is daar net een uitweg. Ons moet ontslae raak van die NP. Kleurlinge vanaf die Weskus tot die Ooskus durf nie vir die NP stem na wat hulle dan ons gedoen het nie. Oorheersing deur swartmense is nie iets wat ons moet vrees nie. Ons moet saamstaan as dit kom by huise en werk."

---

'n ANC jeug van Khayelitsha wat gaan werf het in Heidelberg vertel:

"Die kleurlingmense was gereed om met ons te gesels. Hulle sê die NP het baie lede in die gebied. Hulle sê die NP het hulle werk gegee, asook securiteit. Wat kan die ANC vir hulle doen?

"Terwyl ons op pad was, het die kinders vir hul ouers geskree: NP, NP, NP!, moontlik onder die indruk dat daar kospakkies gekom het.

"Die mense was bang vir 'kommunisme' wat, volgens hulle, mense in Rusland en China doodskiet. Maar ons sien daar is vyandigheid jens die NP, selfs tussen diegene met NP ledekaart. 'Hulle het ons arm gehou. Hulle het ons brutaal verwyder uit Distrik Ses.' Die NP was afskuwelik. Maar hulle is nie seker of die ANC enigsins beter sal wees nie.

"Hulle wou weet wat die ANC hulle kan gee. Sal afdankings eindig? Was regstellende aksie slegs vir swartmense? Sal die ANC nie hulle werk en huise afneem en aan die swartman gee nie? Hulle het ANC kamerade blameer vir al die misdade in die Wes-Kaap.

"Ons het verduidelik dat die ANC vir behuising en werk vir al die onderdruktes staan, die kleurlinge ingesluit. Deur armoede te eindig skep ons toestande vir vrede en minder misdaad."

---

Josie Abrahams, lid van die Bellville ANC, het saam met dertig werkers van Bellville Cosatu Local na Belhar gegaan.

"Mense daar het hoë elektrisiteitrekenings en is agterstallig met hul huur.

"Ons het met 'n familie gepraat waar die man werkloos is. Die ma is 'n lid van Nehawu en werk by die Mitchell's Plain mediese sentrum. Sy sê mense by die werk is nie seker vir wie hulle moet stem nie. Hulle wou weet waar 'n ANC regering die geld sou kry om sy beloftes na te kom.

"'n Cosatu shop steward het verduidelik dat die NP al lankal ons belasting geld gemors het deur wanbestuur en korrupsie. Die ANC regering sal deur die mense gekies word aan wie hulle rekenskap moet gee en die geld goed bestee.

"Die ma sê toe ja, sy ken iemand in die weermag wat goeie voordele het. Die NP regering het geld gemors op die weermag, ens. Sy sal probeer om die mense te oortuig om vir die ANC te stem."

---

Shafiek Cassiem maak huisbesoeke in die Bokaap. Hy sê: "om ondersteuning te wen vir die ANC in hierdie oorheersende Muslim gebied is moeilik. Hulle vrees dat hulle regte as 'n minderheidsgroep en as Muslims deur meerderheidsgroepe oorskadu sal word.

"Maar ongeag van hulle vrese, het Muslims die vryheidstryd in ons land aktief ondersteun, en bowenal het hulle 'n geskiedenis ryk aan voorbeelde van hulle eie verset teen onregverdighede. Sheikh Yusuf, 'n slaaf wat 300 jaar gelede na die Kaap gebring was, het vasberade geveg teen wit oorheersing.

"Ondersteuning kan aan die Muslim fundamentaliese organisasies gebied word.

"Ons het ook gevind dat die Islamic Party ondersteuning kry. Ons het reageer: Hoekom hierdie party? Ons het nog nooit vantevore van hulle gehoor nie. Hulle is te klein om huise, sekuriteit en gerief aan ons mense te voorsien. Die ANC verseker vryheid van spraak, geloof, ens. Slegs die ANC kan by sy woord gehou word, nie die NP, DP, of enige ander party nie. Ons toekoms lê nie met klein rassistiese of gelowige verlinkse groepe nie, maar met die ANC waar almal tuis voel: swart en wit, Christen en Muslim."

# ing, werk, en vrede!



dard sewe gratis. Dit sou selfs beter wees as dit tot in matriek gratis kan weet. Ons sal later daarvoor veg.

## Gesondheid

"Hoe kan verbeterde gesondheidsdienste slegs swartmense bevoordeel? Dit sal alle siek en arm mense bevoordeel. Die ANC belowe om te kyk na die eise van die vroue.

"Die waarheid is dat die kleurlinge die mense is wat die meeste voordeel hieruit sal trek want ons is meer as die swartmense in die Weskaap.

"Ek sal nooit stem vir voortdurende rassekonflik en uitbuiting nie. Die NP moet hul beleid bekend maak aan die kleurling mense. Wat sê die NP omtrent stakings? Sal hulle stakings toelaat? Hulle sê niks oor 'n lewensloon vir werkers nie. Hoekom moet ons vir die organisasie van die uitbuiters stem?

"Dit sal treurig wees as die NP hierdie streek wen. Dit sal sleg wees vir almal. As jy 'n voortsleping van afdankings, salaris bevrietings, armoede en uithuiting en unievernieting wil hê, stem vir die NP.

"As die NP die Weskaap wen, sal dit wees omdat die kleurling meerderheid hulle in die posisie geplaas het. Swart werkers sal dit sien as verraad. Nie alleen het ons dan ons swart broers en susters verrai nie, maar ook ons kinders. Ons sal die toekoms van die Weskaap vernietig.

"Cosatu vra jou om die Weskaap van vernietiging te red. Moenie luister na diegene wat sê 'n ANC regering sal beteken oorheersing deur swarten. Dit is snert. As die ANC wen in die Weskaap sal Allan Boesak die eerste minister wees. Hy is 'n kleurling. As die NP wen sal 'n wit polisieman, Hernus Kriel, ons regeer met 'n stok soos in die verlede.

## Meerderheid

"As die ANC wen sal die meerderheid regeer. Ons is die meerderheid en die swartes het geen probleme met ons nie. Hulle weet dat ons nie hulle sal oorheers nie. Ons besit nie die rykdom van hierdie land nie. Ons is almal net uitgebuite, werkende mense. Al wat ons wil hê is 'n regverdige deel van ons arbeid.

**"'n Stem vir die ANC is 'n stem vir verandering. 'n Stem vir die NP is 'n stem vir die voortsleping van die wit regering.**

# "Ek sal ANC stem"

**Ek as 'n 'kleurling' stem ANC. My redes daarvoor is:**

1. al hierdie jare het onse mense saam met die 'swartman' swaar gekry.
2. al hierdie jare moes ons alewig gebaklei het om iets uit hierdie regering te kry – b.v. die apartheidstelsel was geskraap, die verbanning van die ANC en ander politieke organisasies was opgehef.
3. asook vir demokrasie – en dit was iets wat ons nog nooit onder die 'witman' gekry het nie. Hulle was die base, hulle het die verstand, hulle het die geld, hulle het die land, en net hulle is geregtig om besluite vir anderkleuriges te maak.

## As vrou

4. en omdat ek as vrou, met 'n baba van ses maande oud, ook 'n sê in die parlement sal hê. Dit wil sê dinge gaan nou equal wees. 'n Vrou se regte sal ook van nou af ordentelik na gekyk word.

## Deur Estelle Jacobs

(Wat in die verlede gebeur het was dat as jy jou man gaan aangee vir molestering dan sê die wet dit is nie 'n saak nie, want dis mos huismoles. Die man kon maar sy vrou verkrag ook, dan moet die vrou eers 'n hele drama deurmaak voordat die saak wel ondersoek word. En omdat vroue so skaam is, is dit vir hulle moeilik om sulke emosionele drama deur te maak. En 90% van die gevalle word dan uitgeskop of teruggetrek deur die vrou.)

Jy weet, 'n kleurling wat wel NP gaan stem moet ek sê is baie dom. Kyk, so baie van ons mense werk in die fabrieke. Hulle behoort aan unions soos SACTWU. Al die jare wat hulle werk het hulle saam met SACTWU gefight vir werkersregte, soos beter lone, beter werks omstandighede, ens. En die ANC staan vir werkers' regte net soos SACTWU.

Die werkers is bewus van die feit hoe die base hulle altyd net wil onderdruk, onder die 'belt' betaal, en ook lank werkure – om nie te noem die omstandighede waarin veral vroumense moes werk. En ek moet vir die kleurlinge net sê die base is NP. Om dan nou weer vir hulle te stem om weer die regering te regeer is baie dom. Want dinge sal nie beter raak nie, maar net slegter.

Hoeveel skoolgeld moet die ouers nie betaal om die kind 'n beter opvoeding te gee nie? Daar is ouers wat meer as een kind op die skool het. Die leerlinge moet nou alreeds hulle eie skryfboeke koop, want die staat sê daar is nie geld vir boeke nie. Wat maak die staat met al die geld wat die ouers inbetaal vir taxes, skoolfooie?

Die boere wil ons terug vat na die tye waarin ons ouers skool gegaan het. Destyds was daar ook nie geld vir boeke nie. Ons ouers kon nie eers 'n paar skoene bekostig nie, want hulle wou ook hê hulle kinders moet geleerdheid hê.

Hier het hulle van die beste onderwysers die 'package' gegee. Dit was nie nodig nie. Nou moet die onderwysers weer met 40-45 kinders in 'n klas werk. Watter aandag kan die onderwysers aan so 'n klomp kinders op een tydstip gee?

Die boere wil met ons maak net wat hulle wil. Hulle wil hê ons kinders moet die skole op vroeë stadiums verlaat. Hulle wil nie hê ons kinders moet dieselfde opvoeding hê as hulle kinders nie. Hoekom nie?

Omdat hulle weier dat ons kinders dieselfde soort werke kry as hulle kinders. Omdat hulle weier dat ons kinders vooruitstrewend word in hierdie lewe. Omdat hulle weier dat ons kinders ook hoë posisies beklee.

Hulle wil hê ons moet swaar kry. Hulle wil hê ons moet die low pay workers wees. Al is dit ons mense wat die produkte vervaardig. Al wat die witman het, is die kapitaal en opvoeding, maar verder het hulle niks. Sonder ons mense sal hulle sulke 'profitable companies' nie kan run nie, want baie min van hulle is prakties aangelê.

## Hoef nie te vrees nie

Een ding wat ons kleurlinge moet onthou is dat ons hoef nie te vrees vir die 'swartman' nie. Maar dit was ook vir ons geleer 'wit blink en swart stink'. Was dit nie vir ons swartmense nie ('die masses') dan sal dinge nog altyd soos in die dae van Verwoerd gewees het. So moet nooit dink dat De Klerk het vir julle iets goed gedoen het nie. Want hy was geforseer gewees om dit te doen. En as werkende ouers en as swartmense kan ons ons self gelukwens vir al die veranderinge wat alreeds plaasgevind het.

Hier baklei ons nou al die jare vir huise en beter huise in die Kaap. Wat gee die staat vir ons? Hulle gee vir ons Delft. Kyk nou, na twee, drie jaar val die huise se mure in mekaar. Is dit die huise wat die mense wil voor stem? Want as julle NP gaan stem is dit die huise wat die staat vir julle gaan gee.

**Stem slim en nie dom! Stem ANC!**

# Onder die NP

## *Word die ryk ryker...*

*** In 1993 het die 20 rykste families in S.A. R14, 14 biljoen in aandele besit. Dit is 'n verhoging van bykans R4 biljoen vanaf 1992.**

*** Die Oppenheimers bly die rykste familie in die land. Hulle besit aandele ter waarde van R4 biljoen.**

*** Douw Steyn, een van die rykste mans in die land, besit 'n herehuis ter waarde R30 miljoen.**

*** Nicky Oppenheimer, erfgenaam van die Anglo ryk, besit sy eie helikopter, krieketspan en krieketveld.**

*** De Klerk verdien meer as R200 000 per jaar. Nou stel die NP regering 'n 20% verhoging voor vir die vernaamste staatsamptenare teenoor die 5% verhoging vir die res van die staatsamptenare.**

## *en die armes word armer...*

*** 17 miljoen mense leef onder die minimale lewerslyn, 11 miljoen hiervan in die platteland.**

*** Omtrent 3 miljoen huishoudings en 17 000 klinieke is sonder elektrisiteit.**

*** Minder as 1% van swartmense het telefone.**

*** Meer as 12 miljoen swartmense het nie toegang tot skoon drinkwater nie.**

*** 21 miljoen het nie geskikte sanitasie (toilette en vuile verwydering).**

*** 60 000 kinders sterf jaarlik as gevolg van ondervoeding en hongernood.**

*** Omtrent 7 miljoen mense woon in pondokkies.**

*** Die meeste plaaswerkers verdien nog steeds omtrent R250 per maand.**

*** 7 miljoen is werkloos.**

# Stem ANC vir behuisng, werk, en vrede!

**Karel Swartz, 'n senior shop steward van SACTWU, verduidelik waarom hy vir die ANC gaan stem op 27 April:**

"Ek sal nooit vir die Nasionale Party stem nie. Ek sal vir die ANC stem, want 'n stem vir die NP is 'n stem vir Hernus Kriel. 'n Man wie se polisiemag ons skoolkinders in 1984 vermink en vermoor het. Sy polisiemag terroriseer ons nog steeds wanneer ons veg vir beter lone.

"Baie kleurlinge sê 'n stem vir die ANC is 'n stem vir swart oorheersing. Ek stem glad nie hiermee nie. In die fabrieke veg ons saam met die swartmense. Sedert die 1970 het ons saam geveg en belangrike gevegte gewen. Ons het 'n sterk wapen, Cosatu, gebou om onsself te beskerm teen aanvalle van die base.

"In 1989 wou die base ons eenheid vernietig. Hulle het die NP gekry om 'n nuwe wet te maak naamlik die LRA. Hierdie parlementere wet was om alles waarvoor ons vir die afgelope 20 jaar geveg het van ons weg te neem. Ons moet saamstaan met die swartmense in die Weskaap asook landwyd. Ons was baie sterk en het die base en hul NP regering verslaan. Dit is waarom Cosatu aan die kleurlingmense sê om nie daardie eenheid te verbreek deur vir die NP te stem nie.

## NP het geen plan

"Die NP het geen plan vir die kleurling werkers. Hulle sê nie hoe hulle huise aan almal sal gee nie. Hoe hulle gesondheidsdienste binne bereik van almal sal bring nie. Hoe hulle werk en sekuriteit aan almal sal gee nie.

"Die ANC het 'n herstrukturerings en ontwikkelingsprogram. In hierdie dokument sit hulle uiteen hoe hulle ons lewens wil verbeter. Sommige kleurlinge sê die RDP is net vir swart mense. Dit is verkeerd. Ek sal vir die ANC stem want die RDP is vir almal van ons.



*Coloured shack-dweller in Kuils River*

"Die ANC sê dat hulle vrye en verpligte onderwys 'n wet sal maak. Hoe kan dit slegs vir swartmense wees? Alle kinders, swart en bruin, wat tans deur die strate dwaal as gevolg van die onderwysbeleid van die NP sal deur die ANC genoodsaak wees om 'n beter opvoeding te hê tot by standard sewe gratis. Dit sou selfs beter wees as dit tot in matriek gratis kan weet. Ons sal later daarvoor veg.

## Gesondheid

"Hoe kan verbeterde gesondheidsdienste slegs swartmense bevoordeel? Dit sal alle siek en arm mense bevoordeel. Die ANC belowe om te kyk na die eise van die vroue.

"Die waarheid is dat die kleurlinge die mense is wat die meeste voordeel hieruit sal trek want ons is meer as die swartmense in die Weskaap.

"Ek sal nooit stem vir voortdurende rassekonflik en uitbuiting nie. Die NP moet hul beleid bekend maak aan die kleurling mense. Wat sê die NP omtrent stakings? Sal hulle stakings toelaat? Hulle sê niks oor 'n lewensloon vir werkers nie. Hoekom moet ons vir die organisasie van die uitbuiters stem?

"Dit sal treurig wees as die NP hierdie streek wen. Dit sal sleg wees vir almal. As jy 'n voortsleping van afdankings, salaris bevriesings, armoede en uithuiting en unievernieting wil hê, stem vir die NP.

"As die NP die Weskaap wen, sal dit wees omdat die kleurling meerderheid hulle in die posisie geplaas het. Swart werkers sal dit sien as verraad. Nie alleen het ons dan ons swart broers en susters verrai nie, maar ook ons. kinders. Ons sal die toekoms van die Weskaap vernietig.

"Cosatu vra jou om die Weskaap van vernietiging te red. Moenie luister na diegene wat sê 'n ANC regering sal beteken oorheersing deur swarten. Dit is snert. As die ANC wen in die Weskaap sal Allan Boesak die eerste minister wees. Hy is 'n kleurling. As die NP wen sal 'n wit polisieman, Hernus Kriel, ons regeer met 'n stok soos in die verlede.

## Meerderheid

"As die ANC wen sal die meerderheid regeer. Ons is die meerderheid en die swartes het geen probleme met ons nie. Hulle weet dat ons nie hulle sal oorheers nie. Ons besit nie die rykdom van hierdie land nie. Ons is almal net uitgebuite, werkende mense. Al wat ons wil hê is 'n regverdige deel van ons arbeid.

**"'n Stem vir die ANC is 'n stem vir verandering. 'n Stem vir die NP is 'n stem vir die voortsleping van die wit regering.**

# Van die verkiesingsfront

Peter, 'n ZCC lid wat in Hanover Park woon, het na Nyanga gekom om Nelson Mandela te begroet. Hy sê:

"Kleurlinge is outyds. Hoe kan hulle selfs nie daaraan dink om vir die NP te stem? Wat het die NP vir hulle gedoen? Hulle het hul verwyder uit Seepunt. Hulle woon nou in Manneburg en Bonteheuwel. Selfs terwyl hulle in die parlement was het hulle niks gekry nie. Hoe kan hulle nou NP stem?

"Ons is besig om kleurling stemme to verloor aan die NP. Ons moet daardie gat toemaak. Ons het 'n ANC regering nodig in die

**"Mandela maak groot beloftes. As hy nie daarby hou nie sal mense hom stenig. Maar vir ons is daar net een uitweg. Ons moet ontslae raak van die NP. Kleurlinge vanaf die Weskus tot die Ooskus durf nie vir die NP stem na wat hulle dan ons gedoen het nie. Oorheersing deur swartmense is nie iets wat ons moet vrees nie. Ons moet saamstaan as dit kom by huise en werk."**

---

'n ANC jeug van Khayelitsha wat gaan werf het in Heidelberg vertel:

swartmense? Sal die ANC nie hulle werk en huise afneem en aan die swartman gee nie? Hulle het ANC kamerade blameer vir al die misdade in die Wes-Kaap.

"Ons het verduidelik dat die ANC vir behuising en werk vir al die onderdruktes staan, die kleurlinge ingesluit. Deur armoede te eindig skep ons toestande vir vrede en minder misdaad."

---

**Josie Abrahams, lid van die Bellville ANC, het saam met dertig werkers van Bellville Cosatu Local na Belhar gegaan.**

**sal probeer om die mense te oortuig om vir die ANC te stem."**

---

Shafiek Cassiem maak huisbesoeke in die Bokaap. Hy sê: "om ondersteuning te wen vir die ANC in hierdie oorheersende Muslim gebied is moeilik.. Hulle vrees dat hulle regte as 'n minderheidsgroep en as Muslims deur meerderheidsgroepe oorskadu sal word.

"Maar ongeag van hulle vrese, het Muslims die vryheidstryd in ons land aktief ondersteun, en bowenal het hulle 'n geskiedenis ryk aan

# "Ek sal ANC stem"

**Ek as 'n 'kleurling' stem ANC. My redes daarvoor is:**

**Deur Estelle Jacobs**

1. al hierdie jare het onse mense saam met die 'swart-

(Wat in die verlede gebeur

net wil onderdruk, onder die 'belt' betaal, en ook lank werkure -- om nie te noem die omstandighede waarin veral vroumense moes werk. En ek moet vir die kleurlinge net sê die base is NP. Om dan nou weer vir hulle te stem om weer die regering te regeer is baie dom. Want dinge sal nie beter raak nie, maar net slegter.

Hoeveel skoolgeld moet die ouers nie betaal om die kind 'n beter opvoeding te gee nie? Daar is ouers wat meer as een kind op die skool het. Die leerlinge moet nou alreeds hulle eie skryfboeke koop, want die staat sê daar is nie geld vir boeke nie. Wat maak die staat met al die geld wat die ouers inbetaal vir taxes, skoolfooie?

Die boere wil ons terug vat na die tye waarin ons ouers hierdie lewe. Omdat hulle weier dat ons kinders ook hoë posisies beklee.

Hulle wil hê ons moet swaar kry. Hulle wil hê ons moet die low pay workers wees. Al is dit ons mense wat die produkte vervaardig. Al wat die witman het, is die kapitaal en opvoeding, maar verder het hulle niks. Sonder ons mense sal hulle sulke 'profitable companies' nie kan run nie, want baie min van hulle is prakties aangelê.

## Hoef nie te vrees nie

Een ding wat ons kleurlinge moet onthou is dat ons hoef nie te vrees vir die 'swartman' nie. Maar dit was ook vir ons




*Workers on strike at Table Bay Spinners, Bellville South.*

## 'n Stem vir die NP is 'n stem vir voortdurende ellende

### Lees die feite....

* Alhoewel kleurlinge die meerderheid van die populasie in die Weskaap vorm, het hulle minder huise (208, 308) as blankes (213, 449). Die behuisings figuur vir swartes is slegs 23, 145.

* Die totale behuising agterstand in die Weskaap word gereken op 150.000 eenhede. Behalwe swart plakkers, is daar meer as 2000 kleurling plakkers, uitgesluit diegene wat in die agterplase woon.

* In 1991 het slegs 800 uit 2000 kleurling studente wat in die Weskaap matriek geskryf het, geslaag. Slegs 138 van hulle het 'n universiteitvrystelling gekry.

* In kleurling skole het onderwysers gemiddeld 43 leerlinge per klas terwyl die gemiddelde in swart skole 50 leerling per klas is. In blanke skole is dit 17 leerlinge.

* Die doodsyfer in the Weskaap vir babas onder 'n jaar oud was in 1989 5 per 1000 vir blankes, 17 per 1000 kleurlinge, and 30 tot 50 per 1000 vir swartes.

* Uit die 1,300,000 ekonomies aktiewe populasie in die Weskaap, slegs 850,000 het werk in die formele sektor.

* 40-60,000 nuwe werksoekers betree die arbeidsmark elke jaar in die Weskaap. Die meeste van hulle kry nie werk nie.

# 'n Beroep..

## deur die ANC kamerade van Khayelitsha op die kleurlingmense om vir die ANC te stem

**Ons, die kamerade van Khayelitsha, vra julle om nie vir die NP, maar liewers vir die ANC, te stem. Hier is die redes:**

* Ons wil nie hê die NP moet wen in die Weskaap nie. As die NP wen, sal die NP voortgaan om ons streek te domineer. Hulle regeer, want hulle besit die rykdom van die land en beheer die staat. Hulle hou ons, u en u kinders salaris slawe.

* Ons het saam teen hulle geveg in die fabrieke, die skole, die ghettos en op die plase. Ons wil hê hierdie eenheid teen die base moet voortgaan na die verkiesing.

* Ons wil hê julle moet vir die ANC stem, want julle, as die meerderheid in hierdie streek, moet die Weskaap regeer. As die minderheid het ons nie probleme om deur 'n kleurling eerste minister regeer te word nie.

* Dit is duidelik dat die nasionale verkiesing deur die ANC gewen gaan word. As die NP wen in hierdie streek beteken dit dat die Weskaap die enigste onbevryde streek in Afrika sal wees. Ons kleurlinge en swartmense sal nie die vrugte van vryheid geniet soos die ander mense nie.

* Ons wil 'n einde hê aan rassekonflik, onderdrukking en uitbuiting wat deur die NP veroorsaak is. As die ANC wen, sal die Weskaap huise, werk, securiteit en vrede geniet.

* As die NP wen, sal skollies soos Johnson Ngxobongwana, Mali Hoza, en baie ander in die Weskaap in die parlement, en miskien in die regering, sit. Hierdie is die mense wat verantwoordelik is vir die dood van dosyne mense en die haweloosheid van duisend mense in Crossroads in 1986.

* Julle het so pas net soveel soos ons gely en julle verdien om te deel in die vrugte van jul stryd. Met die ANC in beheer sal die herstruktuferings en ontwikkelingsprogram (RDP: sien bladsye 2 en 3) in werking gestel word. Dit is tot voordeel van u en u kinders.

* Die NP het julle verwyder van jul woonplekke waar julle in vrede gewoon het, want hulle wou hê slegs blankes moes daar woon.

* Daar is ook kleurlinge tussen die duisende werkloses. Ons almal woon in krotbuurte in die Weskaap. Ons huise is nie in dieselfde toestand as die van die blankes. Die opvoedingsisteem vir ons mense is van 'n swak standaard.

* Die tyd in ons geskiedenis het aangebreek om te stem vir 'n nie-rassige Weskaap. Om te stem vir die NP is om te stem vir die voortsleping van onderdrukking en verdeeldheid.




# Isicelo...

## esisuka kumaqabane aseKhayelitsha esiya kubantu bebala ukuba ba-votele i-ANC.

Sicela ukuba ni-votele i-ANC, nazi izizathu zathu:

* Asifuni ukuba i-National Party iwine apha e-Kapa. Ukuba i-National Party iwinile amabhulu ayakuqhubekeka nokusicinezela. Ayakwazi ukusicinezela kuba ubutyebi belizwe lethu busezandleni zawo kwaye nobuso bayawulawula. Bachine mna nawe kunye neetsapho zethu makhoboka asezi-fektri.

* Silwa kunye amadabi emisebenzini, ezikolweni, emabobosini, nasezifama. Sifuna olumanyano luqhubekeke emva kolonulo.

* Sifuna kuba nivotele i-ANC kuba sifuna ninanje ngesininzi apha eKapa niphathe. Asinangxaki yokulawulwa yi-Prime Minister yomntu webala.

*Icacile chaa into yokuba i-ANC izakuliphumelela olunyilo luzayo jikelele. Ukuba i-National Party inokuphumelela lonto inokuthetha ukuba iKapa iyakuba yiyo yodwa indawo engakhululekanga kwi Afrika yonke. Abantu abamnyama nabebala asizikuzixhamula iziqhamo zenkululeko ezothi zixhanyulwe ngabanye abami.

* Sifuna ungquzulwano lobuhlanga, incinezelo no xhatshazo gazi oluziswe yi-National Party luphele. Ukuba i-ANC inokuphumelela apha eKapa, siyokuba sendleleni eya ekufumaneni imisebenzi, izindlu noxolo.

* Ukuba i-National Party inokuphumelela, Izigebenga ezabulala abantu zatshabalalisa nezindlu zabo e- Crossroads ngo 1986, ezifana no Johnson Ngxobongwana, Mali Hoza nabanye zizakuphatha.

* Intsokolo ophile kuyo iyafana nje naleyethu kwaye kufanele ukuba nixhamle iziqhamo zedabi lenu. Ubuso we-ANC uyakuza ne-Reconstruction and Development Programme. Ijongiswe kuni nabantwana benu.

* I-NP yanisusa kwindawo enanihlala kuzo ngoxolo kunye nathi kuba yayifuna ukuhlasa abantu abamhlophe.

* Uninzi labantu abangenamisebenzi ngabantu bebala. Sihlala emabobosini sonke. Izindlu zethu azikho mgangathweni ofanayo nalo wezindlu zabatu abamhlophe. Imfundo yabantu abahlupekileyo nabangemhlophe ayikho mgangathweni.

* Ixesha lokuvotela iKapa elungenacalucalulo lufikile. Kuvotela i-NP kukuvotela inqubela phambili ye-antlukano nocinezelo.

Allie's Press Ph: 931-2142